

Die konteks van die ontstaan en opvoedkundige rol van Caravaggio se *Die onthoofding van Sint Johannes die Doper* in die 17de eeu

Jannie Pretorius

Jannie Pretorius, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

In hierdie essay ondersoek die skrywer die konteks waarbinne Caravaggio se skildery *Die onthoofding van Sint Johannes die Doper* ontstaan het en die opvoedkundige rol daarvan in die 17de eeu op die eiland Malta. Caravaggio is deur die Ridders van die Orde van Sint Johannes die Doper opdrag gegee om *Die onthoofding* as altaarstuk vir die Oratorium van Sint Giovanni Decollato in die Medekatedraal van Sint Johannes in Valletta te skilder. Die Ridders het daar aanbid en jong Ridders is daar opgelei om 'n martelaarsdood vir die Orde en die Christendom te sterf. Die skildery is saam met 'n ander skildery, *Die martelaarskap van die Ridders van Malta te Fort Sint Elmo op 23 en 24 Maart 1565*, as grafiese opvoedkundige hulpmiddels gebruik om sodanige opleiding vir die Ridders te gee. Die skildery het ook as agtergrond vir kriminele verhoore en die ampsontneming van Ridders wat oortredings begaan het, gedien.

Trefwoorde: Caravaggio; *Die martelaarskap*; *Die onthoofding*; opleiding; Ridders

Abstract

The context of the origin and educational role of Caravaggio's *The beheading of St John the Baptist* in the 17th century

In January 2020 the writer visited Malta, where the famous Great Siege of Malta took place in 1565. On this island the Knights of the Order of St John obtained a famous victory over the Islamic Ottoman Turks of Suleiman the Magnificent, emperor of Turkey. In the past the writer has conducted some research about Michelangelo Merisi da Caravaggio (Pretorius 2013) and has since always wanted to study his painting *The beheading of St John the Baptist* on the

island. When he attended an academic conference there in January 2020 he finally succeeded in doing this. As part of the research process he assembled a summary of the development and history of the Siege, which was published by LitNet (Pretorius 2020, online). The precise development of the Siege and the outcome thereof fall outside the scope of this article, of which the aim is to investigate the origin, context and educational use of Caravaggio's *The beheading of St John the Baptist*.

The origin of the Knight of the Order of St John can be traced to a specific moment in European history, namely the rise of the Latin West as a Mediterranean force. Europe, and specifically the territories of France and Spain, had developed the power and methods to resist Arabic expansion in the 6th century (Mercieda 2016:8). After that, it was essential to deploy permanent garrisons in the East, not only to defend the conquered territories, but also to provide protection to the large numbers of pilgrims from Europe that wanted to visit the Holy Land.

The membership of the Order was sustained by recruiting Knights from the different territories of Western Europe, which led to the development of seven language groups (Langues, which means "tongues") in the Order (Mercieda 2016:10–1). These language groups came mostly from young noblemen from England, France, Germany, Spain, Italy and Portugal. It is important to note that the merging of all these diverse and nationalistic language groups into well-functioning fighting units must have posed a huge challenge to the leaders and commanders of the Order.

The Siege lasted for three months and it was ended when the Knights attained a famous victory over the Turks. Of the 8 000 soldiers that fought on the Christian side only about 500 survived. As many as 7 000 of them died in bloody and vicious battles. Many of them were killed by Turkish bullets, but the Turks also used arrows, knives, cannons and fire against the Knights. Quite a number of beheadings were also reported. Graham-Dixon (2010) reports about Turkish soldiers who decapitated Christian captives and mounted their heads on poles as a bizarre signal to the other Christians. These Knights had to defend the Christian faith under the most dangerous conditions imaginable. How were these young Knights trained to prepare them to make the ultimate sacrifice?

In the decades following the victory of the Knights there was an increase in the number of volunteers from Europe. They were lured to Malta by dreams of equalling the heroic deeds of the heroes of the Great Siege. They were thoroughly trained by their seniors by using, among other teaching aids, the huge painting *The beheading of St John the Baptist* by Caravaggio.

The painting (361 cm x 520 cm; Figure 9) was commissioned by Alof de Wignacourt, Grandmaster of the Order in the first decade of the 17th century as an altarpiece for the Co-cathedral of St John because John is the patron saint of the Order. He is also regarded as the first martyr and Knight (Stone 1997:169). Caravaggio portrays this dark act in supreme fashion: The muscled executioner bends over the body of his victim, whose hands are tied behind his back in brutal fashion (Graham-Dixon 2010:377). The executioner has thrown his sword down and has to reach for his knife since the job is not completed.

Why was *The beheading* required for the Co-cathedral of St John? The novices of the Order of St John listened to sermons in this room (Stone 1997:161; Graham-Dixon 2010:378). It was also the room where the Knights could do private dedications (Stone 1997:161). Apart from this, the bones of the Knights that had sacrificed their lives in the Great Siege were also buried

here. In the oratorium the young Knights were trained in the demanding habits of the Knights of Malta and it was drilled into them that they, too, should embrace the idea of a gruesome death in a foreign and distant country. Caravaggio's altarpiece was designed in such a manner that they could be under no illusion as to what this would entail. A martyr's death meant everlasting glory with the angels in heaven, but there would be nothing glorious about the death itself. The painting is like a catechism, namely the asking of pertinent and piecing questions: Do you have what is needed to be a Knight of the Order of St John? Are you ready to die? To die in this manner? (Graham-Dixon 2010:378).

Above *The beheading* a painting by an unidentified artist, *The martyrdom of the Knights of Malta at the Siege of Fort St Elmo on 23rd and 24th June 1565* (270 cm X 590 cm; Figure 8), is displayed. It is a picture of the martyrdom of these Knights during the unsuccessful defence of the Fort (Stone 1997:167). The Madonna, the Child and St John the Baptist rest in the upper part while angels spread palm leaves over the heads of the decapitated Knights that arrive in heaven and the martyrs on the battle field. In contrast with the peaceful upper part of the painting the bottom part of it portrays a wave of death and destruction. There are decapitated and crucified Knights in this part. It contains gruesome, fearful and historically accurate scenes and is aimed at moving even the most obdurate to piety (Stone 1997:167).

Integrated with these historical references are specific references to Christian martyrdom (Stone 1997:168). At the top left there are three men tied to a tree and shot with arrows – like St Sebastian. On the right another knight is crucified upside down – like St Peter. To the right of this is a headless corpse, with his head alongside him (Figures 8 and 10). One head in particular seems like an imitation (Figures 8 and 11) of St John in *The beheading* or even to be competing with it (Stone 1997:168).

This painting was seemingly intended to be used in collaboration with *The beheading* in an effort “to transform the brash, sword-toting youths of Europe's nobility into a unified corps of God-fearing Christian soldiers” (Stone 1997:168); it was the perfect educational tool for their training.

The painting's shocking images were used to inspire shock, faith and heroism in the young knights. The oratorium was built for exactly these sermons, and the two paintings display a memorable, even mnemonic form. One could imagine the young knights reflecting on the two paintings on the altar while being lectured about how their predecessors obtained “crowns of immortality” with their heads (Stone 1997:168).

The impact of the lectures has been doubled because the Oratory is, as mentioned, positioned on top of the original cemetery of victims of the Siege. This cemetery, which still exists in limited form, carries a memorial plate with the names of the Knights that died in the Siege. Because the original entrance to the Oratory was not through the main church, the novices had to march over the bones of the deceased martyrs of 1565 (Stone 1997:168). The didactic, memorial and ceremonial value of *The martyrdom* functioned in symbiotic partnership with Caravaggio's *The beheading* to train the novices in the nature, spiritual environment and circumstances of a cruel, bloodthirsty death.

The beheading was completed in mid-1608. It was a huge success. Aloff de Wignacourt was very impressed by it, and he awarded Caravaggio with a golden chain and gave him two slaves. He now was what he had always wished for: an important man on Malta (Graham-Dixon 2010:385).

This situation would not, however, last. Within a few weeks, in August 1608, Caravaggio became involved in a serious attack on a fellow Knight, Giovanni Rodomonte Roero (Graham-Dixon 2010:387). On 28 August 1608 he was thrown into the jail in Fort St Angelo. He escaped in almost superhuman manner, but on 1 December 1608, in his absence, he was defrocked and called “a rotten and deceased limb” – in front of his own painting (Graham-Dixon 2010:391–2).

Caravaggio was a fugitive once again.

Keywords: *The beheading*; Caravaggio; Knights; *The martyrdom*

1. Inleiding

In Januarie 2020 het ek Malta, waar die beroemde Groot Beleg van Malta in 1565 plaasgevind het, besoek. Op hierdie eiland het die Ridders van die Orde van Sint Johannes die Doper in daardie jaar ’n roemryke oorwinning oor die Islamitiese Ottomaanse Turke van Suleiman die Manjifieke, heerser van Turkye, behaal. Ek het voorheen navorsing oor Michelangelo Merisi da Caravaggio gedoen (Pretorius 2013) en wou sedertdien nog altyd sy skildery, *Die onthoofding van Johannes die Doper*, op die eiland gaan besigtig. Toe daar ’n akademiese konferensie plaasvind waar ek ’n voordrag kon lewer, kon ek dit uiteindelik regkry. As deel van die navorsingsproses het ek daarna ’n opsomming van die aanloop tot, en verloop van die Groot Beleg saamgestel, wat deur LitNet gepubliseer is (Pretorius 2020). Die presiese verloop van die Beleg en die uitkoms daarvan val buite die fokus van hierdie artikel, wat ten doel het om die ontstaan, konteks en opvoedkundige gebruik van Caravaggio se *Die onthoofding van Sint Johannes die Doper* te ondersoek.

Wat wel noodsaaklik is, is om die agtergrond van die ontstaan en geskiedenis van die Ridders se Orde te skets.

2. Die ontstaan en geskiedenis van die Orde van Sint Johannes die Doper

Die oorsprong van die Orde van die Ridders van Sint Johannes is onduidelik en gehul in die onsekerhede van die geskiedenis (Mercieda 2016:8). Twee teorieë bestaan hieroor. Die eerste is dat die Orde ’n Italiaanse oorsprong het. Hiervolgens sou dit verbintnisse met koopmanne van die Italiaanse stad Amalfi gehad het wat in daardie dae aktief in die Levant handel gedryf het. Die tweede teorie het ’n Franse konneksie en verbind die ontstaan van die Orde met die reise van Franse pelgrims na die Heilige Land (Mercieda 2016:8).

Watter een van dié twee teorieë ook al geldig is, bly die feit staan dat die ontstaan van die Ridderorde gekoppel is aan ’n spesifieke oomblik in die Europese geskiedenis, naamlik die opkoms van die Latynse Weste as ’n Mediterreense mag. Europa, en spesifiek die grondgebiede van Frankryk en Spanje, het die mag en metodes ontwikkel om Arabiese uitbreiding in die 6de eeu teen te staan (Mercieda 2016:8). Die Kruistogte wat gevolg het, het ten doel gehad het om Moslems uit die Heilige Land te verdryf. Daarna was dit noodsaaklik om permanente garnisoene in die Ooste te vestig, nie net ter verdediging van die verowerde gebiede

nie, maar ook om skuiling en beskerming te bied aan die groot getalle pelgrims uit Europa wat die Heilige Land wou besoek.

In 1113 het die Orde van Sint Johannes 'n goedgekeurde Orde van die Rooms-Katolieke Kerk geword (Mercieda 2016:9). Van daardie oomblik af was die Orde dus onder die direkte beheer en beskerming van die pous. Aanvanklik was die fokus van die Orde hoofsaaklik die versorging van siekes en die voorsiening van skuiling aan pelgrims in die Heilige Land (Mercieda 2016:9, 13). Stygende spanning in die Ooste, onenigheid onder Christene en oorloë teen die Islam het die fisiese verdediging van die Christelike geloof egter toenemend genoodsaak. Laasgenoemde het dus al hoe meer die primêre doel van die Orde geword.

Die ledetal van die Orde is gevoed deur die werwing van ridders in verskillende dele van Wes-Europa, wat tot die vorming van sewe taalgroepe (Langues, wat “tonge” of “tale” beteken) in die Orde gelei het (Mercieda 2016:10–1). Hierdie taalgroepe was meestal uit Engeland, Frankryk, Duitsland, Spanje, Italië en Portugal afkomstig. Dit is belangrik om hier te noem dat die samesnoering van al hierdie diverse en nasionalistiese taalgroepe in hegte gevegseenhede – wat die Christelike geloof onder die gevaarlikste denkbare omstandighede moes verdedig – sekerlik 'n baie groot uitdaging vir hulle aanvoerders en leiers moes gewees het.

Die verlies van die Heilige Land aan die begin van die 14de eeu aan die Turke het die Orde in 'n ernstige krisis gedompel (Mercieda 2016:13). Die rede vir hulle bestaan, naamlik die beskerming en versorging van pelgrims na die Heilige Land, is onder hulle voete uitgeruk. Na 'n kort verblyf op Kreta en Siprus is hulle teen 1306 op die eiland Rhodes gevestig (Mercieda 2016:13).

Op Rhodes kon hulle hul weer toespits op die versorging van siekes, maar hier het hulle ook in uitstekende seevaarders ontwikkel (Mercieda 2016:17). So bedrewe was hulle hierin dat hulle deur Christelike magte in die Ooste, spesifiek die Koninkryk van Siprus, genooi is om strooptogte op Egipte uit te voer. Hierdie en ander aanvalle het natuurlik tot verskeie teenaanvalle van sowel Egiptiese as Turkse magte gelei, wat oor die verloop van 200 jaar weerstaan is (Mercieda 2016:17–8). Tydens die Beleg van Rhodes in 1522 het die Turke van Suleiman die Manjifieke die Orde egter uiteindelik van Rhodes verdryf. Op 1 Januarie 1523 het hulle die eiland verlaat, weer eens sonder 'n heenkome. Hulle sou vir maande op hul skepe bly en van een Europese hof na die ander swerf (Mercieda 2016:21).

In 1523 versoek die Ridders die Heilige Romeinse Keiser Karel V om Malta en Tripoli aan hulle toe te wys. Die eiland was hoegenaamd nie in dieselfde liga as Rhodes nie, want die infrastruktuur was swak ontwikkel en daar was 'n tekort aan water. Dit sou die Ridders egter in staat stel om hul oorloë en strooptogte teen die Moslems voort te sit, want Malta het goeie hawens gehad en was strategies baie goed geleë om Christelike Europa teen Turkse aanvalle te beskerm (Mercieda 2016:23).

Toe die Ridders op die eiland land, het hulle dadelik begin om die verdediging en versterking van die eiland op te knap (Mercieda 2016:25). Die teistering van Turkse handelsvloete kon voortgesit word en die Turke is gevoelige slae toegedien. Die tafel was gedek vir die Groot Beleg van Malta in 1565.

Behalwe dat die Ridders die Turke skade aangedoen het, was Malta inderdaad die ideale vastrapplek vir Turkse aanvalle op Christelike Europa. Toe die Turkse vloot dus in Mei 1565

met ongeveer 40 000 man en 200 skepe op Malta land, was die eerste doelwit die verowering van die eiland. Dit sou die Turke egter ook in staat stel om aanvalle op Sisilië en Italië en, uiteindelik, die res van Europa te loods.

Pretorius (2020) bevat, soos gemeld, 'n beskrywing van die Beleg. Vir die doeleindes van hierdie essay is dit voldoende om te meld dat die Beleg drie maande geduur het en dat dit op 'n roemryke oorwinning vir die Ridders uitgeloop het. Van die 8 000 soldate wat aan Christelike kant geveg het, het egter net sowat 500 oorgebly. Meer as 7 000 man het gedurende die bloedige en wreedaardige gevegte gesterf. Baie van hulle is deur Turkse koeëls gedood, maar die Turke het ook pyle, lanse, kanonne en vuur teen die Christene ingespan. Verskeie gevalle van onthoofding is ook aangeteken.

Wanneer die Ridders se bereidheid om op heldhaftige wyse so wreedaardig te sterf van naderby beskou word, ontstaan 'n interessante vraag: Hoe is hulle opgelei, gemotiveer en voorberei om so wreed te sterf?

3. Om onthoof te word

Kan daar 'n meer grusame of wrede manier wees om te sterf as onthoofding (Figuur 1)?



Figuur 1. Die agtergrond en omstandighede van hierdie onthoofdings is onbekend.
(Pinterest, aanlyn)

Die antwoord op hierdie vraag is waarskynlik “ja, by wyse van marteling”. Allen (2015:112) rapporteer byvoorbeeld dat die bene en interne organe van ’n Ridder genaamd La Rivière oor ’n tydperk van ’n paar uur aan stukke geslaan is deur sy Turkse martelaar. Hierdie wreedheid het nie slegs aan Turkse kant voorgekom nie. Balbi (1568:104), ’n Spanjaard wat as skut aan die Beleg deelgeneem, dagboek daarvan gehou en dit oorleef het, rapporteer op 3 Julie 1565 dat ’n Griek probeer het om van die Christene na die Turke oor te loop: “Maar dit was God se wil dat een van ons wagte op die mure hom sien net toe hy uitglip en die perderuiters is gestuur om hom te vang.” Volgens Allen (2015:173) was dit ’n klein seuntjie wat hom gesien en “Turk, Turk” geskree het. Hulle het hom teruggebring en hy het bely wat hy wou doen. Hy het vir sy verraad betaal deurdat hy in vier stukke gekap is. ’n Ander verraaier is deur die Christene aan ’n perd se stert vasgemaak en met klippe doodgegooi (Allen 2015:146).

My belangstelling in of selfs behepthed met onthoofding is aanvanklik deur Graham-Dixon (2010) se omvattende biografie van Caravaggio geprikkel. Hy skryf die oorsprong van Caravaggio se skildery *Die onthoofding van Sint Johannes die Doper* onder andere toe aan die Beleg van Malta in 1565. Na die inname van een van die drie forte op Malta, naamlik Fort Sint Elmo, het die Turke al hul Christelike gevangenes se koppe en hande afgekap nadat hulle soos beste oopgevlak en hulle harte, wat steeds geklop het, uitgeruk is (Allen 2015:162). Hulle koppe is daarna bo-op pale geplaas en vir die Christene vertoon. Vier van die onthoofde lyke is verder, nadat kruise op hulle borskaste uitgekerf is, op stukke hout gekruisig, aan mekaar vasgemaak om ’n vlot te vorm en met die seestrome na die Christene gestuur om hulle die skrik op die lyf te jaag. Die plan het egter skynbaar geboemerang: Jean de la Valette, aanvoerder of Grootmeester van die Ridders, was geensins geïntimideer nie en het dadelik al sý Turkse gevangenes laat onthoof en dié koppe na bewering met kanonne na die Turke teruggeskiet (Stone 1997:168; Graham-Dixon 2010:360–1). Allen (2015:165) betwyfel dit of die koppe inderdaad teruggeskiet is en beweer dat hulle bloot oor die muur van die Ridders se fort gegooi is.

Die bevolking van Malta is nie onthoofdings gespaar nie. Op 28 Junie 1565 berig Balbi (1568:96) dat ’n sestigtal Maltese mans en vrouens uit hulle dorpie gevlug en in ’n grot gaan skuil het. Onder hulle was ’n pragtige Maltese meisie. Toe die groep deur die Turke ontdek word, het hul aanvoerder die meisie by haar ouers gekoop – sekerlik onder dwang. Die Christene het hiervan gehoor en ’n geveg met die Turke aangeknop. Toe die Turke sien dat hulle die geveg aan’t verloor is, het die aanvoerder haar met een haal van sy swaard onthoof voordat hy deur die Christene doodgemaak is.

Allen (2015:156) het ’n moontlike verklaring vir my belangstelling in onthoofding. Hy verduidelik dat mans wat vasgevang is in situasies wat vir seker tot die dood kan lei, ’n vreemde tipe *afguns* by buitelanders kan ontlok. Daar is dus ’n sekere emosionele aantrekkingskrag (Allen 2015:144). Hierdie verklaring klink sinvol: Wil baie Christene nie heimlik graag ’n heldedood vir hulle geloof sterf nie en bewonder hulle nie die dapperheid van die ou martelare nie? Die volgende dien ter illustrasie. Teen die einde van die weerstand in die swaarbeleërde en gedoemde Fort Sint Elmo, toe ridders, soldate en inwoners van Birgu – waar die Ridders se hoofverdedigingsmag gesetel was – hoor van die oorblywende swaargewonde verdedigers met hulle stukkende wapens, het ’n groot aantal van hulle vrywilliglik aangebied om die gewondes te gaan bystaan. Hulle was gretig om sodoende noodwendig ook ’n gewisse, wrede dood tegemoet te gaan.

Daar is talle ander voorbeelde onder die Ridders van hierdie onvoorwaardelike bereidheid om in Fort Sint Elmo te gaan veg en te sterf. Een voorbeeld is voldoende om die punt te illustreer. Toe Jean de la Valette op 4 Junie 1565 vir die hoogs gerespekteerde en dapper kaptein Miranda vra om die bevel van die gedoemde Fort oor te neem, wou hy nie, want hy het dit as 'n hopelose saak beskou. Hy was wel bereid om as gewone soldaat oor te gaan:

Desnieteenstaande, my Heer, wens ek om vir jou te kan bewys dat ek begeer om die Orde te dien – want deur dit te doen, sal ek my God en my Koning dien. Laat my na Sint Elmo as gewone soldaat gaan om saam met daardie onverskrokke manne te gaan veg. Ek sal in hulle geselskap tot voordeel van ons almal werk, en saam met hulle sterf (Balbi 1568:68; vertaling deur skrywer).

La Valette het hom toegelaat om te gaan en op 23 Junie 1565 sterf hy inderdaad 'n heroïese dood. Tydens die finale Turkse aanslag was hulle verstom om Miranda, swaar verwond (deur koeëls, pyle en kunsmatige vuur) en nie in staat om regop te staan nie, vasgegespe in 'n stoel te vind (Allen 2015:156–9). Hy was vermink, maar in sy hande was 'n lans en hy kon steeds 'n handjievol Turkse soldate neerfel en dood. 'n Skoot uit 'n Turkse geweer het sy lewe finaal beëindig.

4. Voorbereiding van Ridders om 'n wrede dood tegemoet te gaan en die rol van Caravaggio se *Die onthoofding van Sint Johannes die Doper* daarin

Balbi (1568:147) voel genoop om van die dapperheid van die jong Ridders van die Orde tydens die Beleg melding te maak. Hulle het in die gevaarlikste posisies geveg en geredelik die plek van gevalle krygers volgestaan om net soveel dapperheid soos die veterane te vertoon. Hoe, wil mens weer vra, het die Orde dit reggekry om hierdie jong Ridders vir die wreedheid van 'n veldslag teen die Turke – en moontlike onthoofding – voor te berei?

In die dekades wat op die oorwinning van die Ridders gevolg het, was daar 'n toename in die aantal nuwe rekrute van die Orde van Sint Johannes (Graham-Dixon 2010:361). Hulle is na Malta gelok deur drome om die heldedade van die helde van 1565 te ewenaar. Net ses jaar na die Beleg van Malta het 'n ander beroemde oorwinning van die Christene oor die Islamiete – tydens die Slag van Lepanto – die vuur van entoesiasme verder aangeblaas. Honderde jong edelmannes van die vooraanstaande families van Europa het na Malta gereis om ridderskap, eer en glorie te verwerf. Hulle wou veg en, indien nodig, die dood van 'n martelaar in die geveg teen die magte van Islam sterf (Graham-Dixon 2010:361; Schütze 2017:268).

Caravaggio het ook gedroom om 'n Ridder van die Orde van Sint Johannes te word, maar sy motiewe was dalk nie so suiwer nie. Omdat hy tydens 'n onwettige tweeveg in Rome 'n moord gepleeg het en ter dood veroordeel is, was daar 'n prys op sy kop (Graham-Dixon 2010:361; bladsyverwysings hierna almal uit hierdie bron, tensy of totdat anders vermeld). Die Ridders van Sint Johannes was volgens die destydse bedeling onder die pous egter verhewe bo die wette van Rome en onderhewig aan hulle eie, unieke wetlike kode. Caravaggio sou dus veilig wees in Malta. Indien hy 'n ridderskap kon verwerf, sou hy de facto-kwytskelding vir sy misdadigheid verwerf. Dit sou ook aan hom verhoogde status verleen – iets waarna hy gesmag het (361–2). Na intensiewe onderhandelinge met die Ridders (362–5) land hy op 12 Julie 1607 in die hawe van Valletta (365).

Valletta, vernoem na grootmeester Jean de la Valette, was toe slegs 40 jaar oud. 'n Menigte slawe het die stad uit die eiland se beroemde heuningbruin kalksteen gebou (366). Caravaggio is deur simbole van die eiland se streng en glorieryke verlede omring. By die ingang van Grand Harbour was byvoorbeeld 'n galg. Aan die linkerkant van die hawe was Fort Sint Angelo – waar baie van die beroemdste gebeure van die beleg plaasgevind het. Op daardie stadium is misdadige Ridders ook daar aangehou – soos wat Caravaggio later tot sy spyt sou moes uitvind.

Nog 'n heilige terrein was die herboude Fort Sint Elmo, waar soveel van die Ridders van die Orde hulle lewens in 1565 verloor het. Op sommige van die rotse was steeds bloedvlekke sigbaar – die tekens van die glorieryke bloed wat deur Christen-martelare gestort is en waarop die Maltese steeds trots was (266–7). Die Grootmeester van die Orde in dié tyd was Alof de Wignacourt (Figuur 2 – prente van aanlyn ensiklopedieë word benut omdat hulle van die beste beskikbare kwaliteit is), wat streng oor wet en orde gewaak het (368). Hy was slegs aan die pous verantwoordbaar vir sy besluite.

Die strawwe wat uitgedeel is, dien as aanduiding van die uitdaging wat dit was om die honderde jong Ridders te beheer (369). So was die straf vir onbehoorlike drag die sogenaamde “kwarantyn” – dat die skuldige vir 40 dae in sy herberg moes bly en vas. Hy moes ook gereeld aanmeld vir 'n openbare pak slae in die kerk (369). Meer ernstige misdade is gestraf deur die gevreesde ampontneming: die permanente ontneming van die Ridder se drag. As 'n Ridder iemand sou doodmaak, is hy tot 'n tradisionele Maltese dood gevonniss: Hy is eers in die Kerk van Sint Johannes verneder en dan vasgebind en in die nag in die see gegooi (370).

Nou word daar kortliks verwys na drie van Caravaggio se skilderye op Malta, omdat die suksesvolle afhandeling daarvan betekenisvol was vir die ontstaan van *Die onthoofding van Johannes die Doper*. Daarna word die geskiedenis en gebruik van *Die onthoofding* bespreek.

Sy eerste skildery op Malta, naamlik *Sint Hieronymus wat skryf*, hang tans in die Oratorium van S. Giovanni Decollato in die Medekatedraal van Sint Johannes (Figuur 3).



Figuur 2. *Alof de Wignacourt en sy hofknaap.* Caravaggio, Louvre (Wikidata, aanlyn)



Figuur 3. *Sint Hieronymus wat skryf.* Caravaggio, Oratorium van S. Giovanni Decollato in die Medekatedraal van Sint Johannes (Wikimedia, aanlyn)

In die herfs of winter van 1607 word Caravaggio gevra om 'n portret van een van die senior en mees uitnemende Ridder van Malta, Fra Antonio Martelli (Figuur 4), te skilder (372). Volgens Graham-Dixon (372) is dit een van die mees indrukwekkende portrette van die 17de eeu. Dit beeld 'n hardvotige en kragtige man uit wat in die verte staar, asof hy na binne reflekteer en sy herinneringe aan ou gevegte orden.



Figuur 4. *Fra Antonio Martelli*. Caravaggio, Pittu Paleis in Florence (Wikipedia, aanlyn)

Die sukses van hierdie skildery het daartoe gelei dat Caravaggio in November of Desember van 1607 die grootmeester, Aloff de Wignacourt (Figuur 2), geskilder het (373). Dis 'n meer outydse, rigiede en konserwatiewe werk as Martelli se portret, wat dalk 'n weerspieëling mag wees van Wignacourt se diepgesetelde gevoel van sy eie belangrikheid (Schütze 2017:264). Hy dra die pragtige pak van 'n 16de-eeuse harnas – asof hy die glorieryke heldhaftigheid van die Groot Beleg wil beklemtoon (Graham-Dixon 2010:373). Hy het inderdaad aan die Beleg deelgeneem en dit oorleef (Wignacourt-museum).

Wignacourt was in vervoering oor die portret en volgens alle aanduidings is die kruis van die Orde van Sint Johannes daarvoor aan Caravaggio toegeken (Graham-Dixon 2010:374). Sy droom het waar geword – hy was nou 'n man van betekenis (385). Daar was egter twee voorwaardes (375). Hy moes eers, soos alle nuwe Ridder, 'n volle jaar op Malta deurbring voor hy die eer amptelik kon ontvang. Hy sou ook 'n heffing, of sogenaamde *passagio*, moes betaal. Hy het geen geld gehad nie, maar Wignacourt het 'n oplossing daarvoor gehad. Die Oratorium van Sint Johannes, ook bekend as die Oratorium van die Nuwelinge (387–8), teenaan die Medekatedraal van Sint Johannes in Valetta, was toe so pas voltooi. Dit was een

van die belangrikste geboue in Malta se nuwe hoofstad, maar het nog nie 'n altaarstuk gehad nie. As Caravaggio een sou voorsien, sou dit as *passagio* aanvaar word (Schütze 2017:265).

Die verhaal van die onthoofding van Johannes die Doper word in Matteus 14:3–12 en Markus 6:17–28 vertel. Koning Herodes het Johannes in die tronk gegooi omdat hy kritiek uitgespreek het teen die buite-egtelike troue van Herodes met Herodias, die vrou van sy broer Filippus. Herodias het daarna 'n wrok teen Johannes gekoester en wou hom laat doodmaak, maar sy kon nie, want “Herodes was bang vir Johannes omdat hy besef het dat hy 'n opregte en godvresende man is”. Herodias se kans het gekom toe haar dogter op Herodes se verjaarsdag vir hom gedans het. Hy was só in sy skik daarmee dat hy haar belowe het om haar enigiets te gee wat sy vra – al sou dit die helfte van sy koninkryk wees. Na oorlegpleging met haar ma het sy vir die kop van Johannes die Doper op 'n skinkbord gevra. Herodes was verslae, maar hy kon die versoek nie weier nie en het gevolglik een van sy lyfwagte gestuur om Johannes te gaan onthoof.

N.P. Van Wyk Louw het sy eie, interessante interpretasie van die gebeure in sy vers, “Salome dans” (Louw 2002:184):

Johannes hoor hoe kom die wag
'n eensaam vrou ken haar gesag;
Herodus, dronk, die sien alleen
'n doekie voor 'n jong geslag.

Wignacourt het vir 'n portret van hierdie onthoofding van Johannes gevra (Figuur 9), omdat Johannes die beskermheilige van die Orde van Sint Johannes is en dus deur die Orde as die eerste Ridder en martelaar beskou is (Stone 1997:169). Caravaggio beeld hierdie donker toneel op meesterlike wyse uit: Die gespierde laksman leun oor die liggaam van die slagoffer, wie se hande op wrede wyse agter sy rug vasgemaak is (Graham-Dixon 2010:377). Die laksman het sy swaard neergegooi en tas na 'n dolk in sy gordel, want die werk was nog nie klaar nie. Hoewel die bloedvate afgesny is en die bloed uit die wond spuit, is die kop, skokkend genoeg, nog met senings en vel aan die liggaam vas. Dié moet nog losgesny word voordat die kop in die skinkbord geplaas kan word. Die martelaar lê op 'n stuk skaapvel, wat hom simbolies 'n geseënde Christelike lam wat geoffer word, maak (Stone 1997:169, Graham-Dixon 2010:378). Jesus verwys hierna by die instelling van die Nagmaal in Matteus 26:27b–8: “Drink almal daaruit, want dit is my bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.” Caravaggio plaas 'n Turkse tronkbewaarder langs die laksman – waardeur die verhaal van Johannes na die realiteit van die Ridders deurgetrek word (Graham-Dixon 2010:378–9).

Die agtergrond wat Caravaggio skilder, verdien verdere aandag. Graham-Dixon (2010:377) meld bloot dat die toneel afspeel in die somber binnehof van 'n onderdrukkende, streng tronk naas 'n groot poort gebou met massiewe klippe en 'n venster met diefwering waardeur twee gevangenes pateties saambondel in 'n poging om die onthoofding te sien. Schütze (2017:265) meen dit verwys na die binneplein van die Paleis del Gran Maestro in Valletta.

Stone (1997:164–6) bied egter 'n ander interpretasie aan. Volgens hom is daar 'n duidelike verband tussen die agtergrond van *Die onthoofding* en 'n plaat deur Philippe Thomassin, *De prohibitionibus et poenis* (Figuur 5) wat in die Statuta Hospitalis Hierusalem pryk, waarin die statute van die Orde voorkom.

Alle Ridders sou dus onmiddellik Caravaggio se bron herken het (Stone 1997:165). Aan die regterkant, uitgebeeld as “twee torings” van deugszaamheid, staan twee trotse Ridders met formele klede. Aan die teenoorgestelde kant van die plaat is hulle dwalende teenhangers. Hulle dra steeds die Kruis, maar staar swarmoedig deur die tronkvensters. Hulle desperaatheid is te verstane, sê Stone (1997:165–6): Op ’n boot, in die middel van die agtergrond, ontvang een van hulle selmaats die algemene straf vir moord (soos voorheen gemeld). Hy word naamlik vasgebind en in die see gegooi (Stone 1997:166; Graham-Dixon 2010:370).



Figuur 5. *De prohibitionibus et poenis*, illustrasie van Statuut XVIII, deur Philippe Thomassin (Stone, 1997:165)

Met watter doel is *Die onthoofding* uiteindelik spesifiek in die Oratorium van die Medekatedraal van Sint Johannes opgehang? Die nuweling van die Orde van Sint Johannes het na preke geluister en opleiding in die Oratorium ontvang (Stone 1997:161; Graham-Dixon 2010:378). Dit was ook die lokaal waarin Ridders private toewydings kon doen (Stone 1997:161). Deurdat die beendere van die Ridders wat tydens die Groot Beleg gesterf het onder die plaveistene van die vloer begrawe is, was dié plek dus ’n skool vir die martelare van die toekoms, asook ’n begraaftaak vir die martelare van die verlede (Graham-Dixon 2010:378). Binne die Oratorium is die nuweling in die veeleisende gewoontes van die Ridders van Malta opgelei en dit is by hulle ingedril dat ook hulle moontlik die dood in ’n verre land aan die hand van ongelowiges sou moes tegemoet gaan. Caravaggio se altaarstuk is só ontwerp dat dit sou verseker dat hulle onder geen wanindruk kon verkeer oor wat dit beteken nie. ’n Martelaar se dood het die beloning van ewige glorie met die engele in die hemel beteken, maar daar sou niks glorieryks omtrent die aard van die dood self wees nie. Dit sou soortgelyk aan die volgende wees: ’n

morsige daad deur 'n slagter in 'n donker en eensame plek. Die prent is soos 'n kategismus, naamlik die vra van vrae: Is jy seker dit sit in jou om 'n Ridder van die Orde van Sint Johannes te wees? Is jy gereed om te sterf? Om op dié manier te sterf? (Graham-Dixon 2010:378).

In die eerste helfte van die 17de eeu het die Oratorium (Figuur 6) egter anders daar uitgesien as vandag (Stone 1997:161).



Figuur 6. Die Oratorium van S. Giovanni Decollato in die Medekatedraal van Sint Johannes, Valletta (Foto deur skrywer)

Hedendaags, na 'n hervorsiering, het dit 'n barokvoorkoms, met vergulde hout en muur- en olieverfskilderye. In die area bokant *Die onthoofding* is 'n vergulde halfmaanvormige houtlunet (Figuur 6) met 'n ovaalvormige tondo van die *Madonna dei sette dolori* (Stone 1997:162). Hierdie hervorsiering van die Oratorium het tussen 1680 en 1695 plaasgevind (Stone 1997:161).


Navorsing het getoon dat die oorspronklike Oratorium (Figuur 7) 'n spartaanse, reghoekige vertrek met 'n plat plafon was (Stone 1997:164; Graham-Dixon 2010, plaat 77; Schütze 2017:271). Die gravering van Wolfgang Kilian, die enigste uitbeelding van die Oratorium soos dit in die eerste helfte van die 17de eeu daar uitgesien het, toon duidelik *Die onthoofding* tussen twee pilare en 'n nederige altaar daarvoor (Stone 1997:164).

Daar is reeds na die ooreenkoms tussen Thomassin se *De prohibitionibus et poenis* (Figuur 5) en die agtergrond van *Die onthoofding* verwys. Kilian se prent vestig weer eens die aandag daarop dat *Die onthoofding* dikwels die onheilspellende agtergrond vir kriminele verhoore

gevorm het. Soos in die graving gesien kan word, is die beskuldigde net voor Johannes se laksman geplaas (Stone 1997:164). Die jong Ridders moes weet wat met hulle sal gebeur as hulle moord sou pleeg.

Die graving belig nie net dié belangrike funksie van *Die onthoofding* wat dikwels misgekyk word nie, dit onthul ook 'n totaal onverwagte kenmerk van die Oratorium gedurende die tyd voor 1680 (Stone 1997:166). Aan die bokant van *Die onthoofding* is 'n halfmaanvormige skildery (Figure 7 en 8).

Tans hang die skildery in die eetsaal van die monnikenklooster van die Franciskaanse kloosterlinge in Rabat, Malta (Stone 1997:167). Hierdie skildery is 'n primêre dokument (Stone 1997:167) ten einde 'n begrip te vorm van die denkwysse van sy beskermhare in die tydperk na die Beleg, tydens die bou en aanvanklike versiering van die kerk en die Oratorium (Stone 1997:167).



Figuur 7. Die kriminele tribunaal van die Ridders van Malta in die Oratorium van S. Giovanni Decollato in die Medekatedraal van Sint Johannes, Valletta. Wolfgang Kilian, graving, 12,7 cm x 7,5 cm. Katolieke Universiteit van Amerika, Washington (Graham-Dixon, plaat 79; Schütze 2017:271; Stone 1997:164; Writingcities)



Figuur 8. *Die martelaarskap van die Ridders van Malta te Fort Sint Elmo op 23 en 24 Maart 1565.* Onbekende kunstenaar, 275 cm x 590 cm. Eetsaal, monnikenklooster van die Franciskaanse kloosterlinge, Rabat (Stone 1997:166) (Foto met toestemming van die klooster)




Figuur 9. *Die onthoofding van Sint Johannes die Doper.* Caravaggio. 361 cm x 520 cm. Medekatedraal van Sint Johannes, Valletta (Stone 1997:163 Wikimedia Commons)

Die skildery in Figuur 8 is die werk van 'n ongeïdentifiseerde kunstenaar en is 'n uitbeelding van die martelaarskap van die lede van die Orde tydens die oorname van Fort Sint Elmo gedurende die hoogtepunt van die Beleg (Stone 1997:167). Die Madonna, die Kind en Sint

Johannes die Doper rus in die boonste gedeelte op die wolke terwyl engele palmtakke oor sowel die koppe van die onthoofde ridders wat daar aankom as op die martelaarridders op die slagveld sprinkel. Johannes hou die banier van die Orde vas en tree namens sy beskermlinge in by Maria (Stone 1997:167). Figure 8 en 9 word doelbewus na mekaar geplaas sodat dit 'n indruk kan skep van die toneel wat die Ridder in daardie jare in die Oratorium sou waargeneem het en waarmee hulle as't ware gekonfronteer is.

In teenstelling met die kalmte wat uit die boonste area van Figuur 8 straal, verbeeld die onderste gedeelte 'n vloedgolf van dood en verwoesting. Die benadering is hagiografies en naturalisties om die 120 ridders wat in die slagting gesterf het, te gedenk en bevat skrikwekkende, historiese akkurate tonele wat daarop gemik is om selfs die hardvotigste tot vroomheid te stem (Stone 1997:167).

In die onderste linkerkant is twee besonder tragiese figure. Albei is opgehang. Op die heel linkerkantste een se bors is 'n kruis uitgeterf. In die middel van die skildery is die vlot van lyke wat, soos gemeld, met seestrome na die Ridder gestuur is. Geïntegreer met hierdie historiese verwysings is spesifieke heenwysings na Christelike martelaarskap (Stone 1997:168). Links bo is daar drie mans wat aan 'n boom vasgemaak en met pyle geskiet is – soos Sint Sebastiaan. Aan die regterkant word 'n ander ridder onderstebo gekruisig – soos Sint Petrus. Regs van hierdie kruisiging is 'n koplose borskas, met sy kop skuins onder hom (Figure 8 en 10). Een kop in die besonder (Figure 8 en 11) blyk 'n nabootsing van Johannes in *Die onthoofding* te wees of selfs daarmee te kompeteer (Stone 1997:168).



Figuur 10. Detail van Figuur 8



Figuur 11. Detail van Figuur 8

Die martelaarspek van die skildery word eksplisiet beskryf in die Latynse inskripsie wat later bygevoeg is:

In die jaar ons Heer 1692 is hierdie gedenkstuk hier geplaas wat die roemryke soldate van Christus, wat omgord is met die wapenrusting van geloof, wat beskerm is met die skild en helms van mededoë en wat gely het gedurende die Beleg van die eiland Malta, op heldere wyse uitbeeld. En soveel bloedvergiëting en soveel vorme van martelaarskap het hulle verduur, waardeur hulle glorie vir die orde en, deur hulle koppe, krone van onsterflikheid verwerf het (Stone 1997:168; vertaling deur skrywer).

Die skildery is duidelik bedoel om saam met *Die onthoofding* vertoon te word in 'n poging om die parmantige, swaardswaaiende jeug van Europa se adelstand te omvorm tot 'n verenigde korps van godvresende Christen-soldate (Stone 1997:168); dit was die perfekte opvoedkundige gereedskap vir hulle opleiding.

Die skildery se skokkende beelde is gebruik om ontsag, geloof en heldhaftigheid by die jong Ridders te inspireer. Die Oratorium is juis vir sulke lesse gebou en die skilderye is ontwerp en vertoon om 'n gedenkwaardige, selfs mnemoniese vorm daaraan te gee. 'n Mens kan jou die jongelinge van die Orde voorstel waar hulle die twee skilderye op die altaar oordink terwyl hulle lesings kry omtrent hoe hulle voorgangers "krone van onsterflikheid" met hulle koppe verwerf het (Stone 1997:168).

Die trefkrag van die preke is verdubbel deurdat die Oratorium bo-oor die genoemde begraafplaas van die slagoffers van die Beleg gebou is. Dié begraafplaas, wat steeds in verskraalde vorm bestaan, dra 'n groot gedenkplaat met die name van die Ridders wat tydens die Beleg gesterf het. Omdat die oorspronklike ingang van die Oratorium nie deur die hoofkerk nie, maar deur die begraafplaas was, moes die nuweling voor elke lesing oor die beendere van die martelaars van 1565 marsjeer (Stone 1997:168). Die didaktiese, gedenkwaardigheids- en seremoniële waarde van *Die martelaarskap* het in simbiose met Caravaggio se *Die onthoofding* gefunksioneer (Stone 1997:169). Die Ridders se Oratorium of klaskamer het gedien om nuweling op te lei in die aard, geestelike omgewing en omstandighede van 'n wrede, bloeddorstige dood. Die twee skilderye weerspieël die wrede, bloeddorstige realiteite van 'n geveg met die Turke.

5. Slotwoord

Die doel van hierdie artikel was om die ontstaan, konteks en opvoedkundige gebruik van Caravaggio se *Die onthoofding van Sint Johannes die Doper* te ondersoek. Hoewel die presiese aard van die gebeure en praktyke van meer as 400 jaar gelede moeilik volledig aan die hand van enkele bronne – soos Stone (1997) – bepaal kan word, is die doel wel gedeeltelik bereik.

Die onthoofding is teen die middel van Julie 1608 voltooi. Dit was 'n groot sukses. Aloff de Wignacourt was baie beïndruk daarmee en het vir Caravaggio, benewens 'n goue ketting om die nek, twee slawe gegee. Hy was inderdaad 'n man van betekenis op Malta (Graham-Dixon 2010:385).

Hierdie situasie was egter van korte duur. Binne enkele weke, en wel in die eerste helfte van Augustus 1608, raak Caravaggio betrokke by die ernstige aanranding op 'n mederidder,

Giovanni Rodomonte Roero (Graham-Dixon 2010:387). Op 28 Augustus 1608 word hy in die tronk in Fort Sint Angelo gegooi. Hy ontsnap op byna bomenslike wyse, maar word op 1 Desember 1608 in sy afwesigheid – voor sy eie indrukwekkende skildery – op vernederende wyse as “’n verrotte en afgestorwe lidmaat” van sy ampsdrag ontnem (Graham-Dixon 2010:391–2).

Caravaggio was weer eens ’n voortvlugtige.

Bibliografie

Allen, B.W. 2015. *The Great Siege of Malta. The epic battle between the Ottoman Empire and the Knights of St John*. Libanon: ForeEdge.

Balbi, F. 1568. *The Siege of Malta 1565*. Vertaling van Spaanse uitgawe van 1568 deur Ernle Bradford. Londen: Penguin Books.

Graham-Dixon, A. 2010. *Caravaggio – a life sacred and profane*. Londen: Penguin Books.

Louw, N.P. Van Wyk. 2002. *N.P. van Wyk Louw: Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers en Human & Rousseau.

Mercieda, S. 2016. *The Knights of St John of Malta*. Luqa: Miller.

Miller Distributors Ltd. 2019. *Malta & its islands*. Malta: Miller Distributors. Pinterest. <https://za.pinterest.com/pin/366199013454556484> (20 Julie 2020 geraadpleeg).

Pretorius, J.P.H. 2013. ’n Persoonlike waardering van Michelangelo Merisi da Caravaggio (1571–1610). *LitNet Akademies*, 10(1):475–512. <https://www.litnet.co.za/n-persoonlike-waardering-van-michelangelo-merisi-da-caravaggio-1571-1610> (20 Julie 2020 geraadpleeg).

—. 2020. Hoe Paulus die Beleg van Malta in 1565 gewen het. <https://www.litnet.co.za/hoe-paulus-die-beleg-van-malta-in-1565-gewen-het> (20 Julie 2020 geraadpleeg).

Schütze, S. 2017. *Caravaggio: The complete works*. Keulen: Taschen.

Stone, D.M. 1997. The context of Caravaggio’s “Beheading of St John” in Malta. *The Burlington Magazine*, 139(1128):161–70.

Wignacourt-museum. Portraits of Grand Master Alof de Wignacourt. http://www.wignacourtmuseum.com/info/portraits_of_grand_master_alof_de_wignacourt (20 Julie 2020 geraadpleeg).

Wikidata. Alof de Wignacourt. https://www.wikidata.org/wiki/Q945164#/media/File:Alof_Louvre.jpg (20 Julie 2020 geraadpleeg).

Wikimedia. Sint Hieronymus wat skryf. <https://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/b/b1/CaravaggioJeromeValletta.jpg> (20 Julie 2020 geraadpleeg).

Wikimedia Commons. Die onthoofding van Sint Johannes die Doper. https://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/b/b2/La_decapitaci%C3%B3n_de_San_Juan_Bautista%2C_por_Caravaggio.jpg (20 Julie 2020 geraadpleeg).

Wikipedia. Fra Antonio Martelli. [https://en.wikipedia.org/wiki/Portrait_of_Fra_Antonio_Martelli_\(Caravaggio\)#/media/File:Portrait_of_Fra_Antonio_Martelli-Caravaggio_\(1610\).jpg](https://en.wikipedia.org/wiki/Portrait_of_Fra_Antonio_Martelli_(Caravaggio)#/media/File:Portrait_of_Fra_Antonio_Martelli-Caravaggio_(1610).jpg) (20 Julie 2020 geraadpleeg).

Writingcities. Die kriminele tribunaal van die Ridders van Malta in die Oratorium van S. Giovanni Decollato in die Medekatedraal van Sint Johannes, Valletta. <https://i2.wp.com/writingcities.com/wp-content/uploads/2016/11/Screen-Shot-2016-11-08-at-11.00.21.png> (20 Julie 2020 geraadpleeg).